# #imagine

## SURPRISINGLY DIFFERENT

Tiener Bybelstudie joernaal as deel van opvolgmateriaal vir #imagine experience

#sawubona

#lekker

#aweh

#awesome

# CREDO

ONS IS DIE IMAGINE GENERASIE

ONS GLO IN MÔRE,
WANT JESUS MAAK NUUT

ONS DROOM VAN VREDE,
WANT GOD IS LIEFDE

ONS BRING VERANDERING,
WANT DIE GEES BEWEEG

ONS IS DIE KERK VAN VANDAG,
DIE LEIERS VAN MÔRE

ONS IS DIE IMAGINE GENERASIE.

KONTAK ONS

WWW.FACEBOOK.CO.ZA/IMAGINEMOVE IMAGINE_MOVESA IMAGINE.MOVEMENT.

+27 79 991 7847 INFO@IMAGINEMOVEMENT.CO.ZA | WWW.IMAGINEMOVEMENT.CO.ZA

# INHOUD


- Wat is #imagine?...1
- Surprisingly Different Bybelstudie inleiding...2
- Verras deur 'n kort ryk man (Lukas 19:1-10)...3
- Verras deur 'n Weduwee (Markus 12:41-44)...4
- Verras deur 'n Tienerseun (1 Timoteus 4:12-16)...5
- Verras deur 'n ryk man (Matteus 19:16-26)...6
- Verras deur 'n Arabier, 'n Indiër, en 'n Sjinese man (Matteus 2:1-12)...7
- Verras deur 'n Tienermeisie (Lukas 2:1-7)...8
- Verras deur 'n Vreemdeling (Lukas 10:25-35)...9
- Verras deur 'n Buitelander (Handelinge 8:26-40)...10
- Verras deur Twee Broers (Markus 10:35-45)...11
- Verras deur 'n Randfiguur (Johannes 4:1-26)...12
- Verras deur Eenvoudige Vissermanne (Lukas 5:1-11)...13
- Verras deur 'n "Kuierleier" (Lukas 15:11-32)...14
- Verras deur 'n Sakevrou (Handelinge 16:13-15 en vers 40)...15
- Wat is volgende? Aanvaar die #imagine challenge... ...16
- Droom 1 #Lees die Bybel...17
- Droom 2 #Bid met Encounter stations...18
- Droom 3 #Kry 'n mentor of wees 'n mentor...19
- Droom 4 #Begin 'n Bybelstudie groep...20
- Glo 1 #Connect aanlyn...21
- Glo 2 #Wees kreatief...22
- Glo 3 #Aktiveer ander...23
- Glo 4 #Deel jou geloof storie...24
- Doen 1 # Wees diensbaar by jou kerk...25
- Doen 2 #Reël 'n #imagine saam-eet...26
- Doen 3 #Reël 'n plaaslike uitreik...27
- Doen 4 #Bou 'n brug...28
- Doen 5 #Organiseer 'n #re-imagine event...29
- Doen 6 # Word deel van #imagine KIDZ...30
- Doen 7 #Gaan op 'n #imagine mission exposure trip...31
- Doen 8 #Word 'n #imagine partner...32

# WAT IS #IMAGINE?

**#Imagine is 'n nasionale beweging ("movement") waar jong mense saamkom om te droom, glo en doen. Elke jaar is daar vier byeenkomste, wat ons "experiences" noem, (op vier verskillende plekke landswyd) op dieselfde naweek waar ons meer leer oor Jesus, sy naam loof en ander jongmense leer ken van verskillende gemeenskappe dwarsoor Suid-Afrika.**

**Die #imagine beweging ("movement") daag alle tieners uit met 'n groot visie: elke probleem in ons land is 'n unieke geleentheid vir iemand wat kan droom oor verandering, glo in God se visie en bereid is om te doen wat nodig is vir verandering. Ware verandering benodig egter harde werk en passie, maar jy het die kapasiteit, energie en vermoë om dit moontlik te maak. Jy kan kies om 'n lewe te leef van betekenis!**

*Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen.*
>> **EFESIËRS 3:20-21**

*Now to him who is able to do immeasurably more than all we ask or imagine, according to his power that is at work within us, to him be glory in the church and in Christ Jesus throughout all generations, for ever and ever! Amen.*
**>> EPHESIANS 3:20-21**

*Kepha yena onamandla okwenza okukhulu kakhulu kunakho konke esikucelayo nesikuqondayo ngokwamandla asebenza kithi.*
**>> KWABASE-EFESU 3:20**

*Unkulunkulu angenza noma yini oyaziyongaphezulu kakhulu kunakho konke ukucabanga kwakho, nokudlinza kwakho kanye nokucela kwakho ngisho ekucabangeni kwakho konke.*
>> **KWABASE-EFESU 3:20**



# SURPRISINGLY DIFFERENT BYBELSTUDIE INLEIDING

“Surprisingly different” (verrassend anders) gaan oor verhale van onverwagse mense wat Jesus leer ken of God ontmoet. Hulle word verras deur die andersheid van Jesus se houding, boodskap, liefde en genade.

Mag jy verras word deur hoe “verrassend anders” Jesus is – Hy wat jou ken, lief het, aanvaar en roep op jou naam – soos wat jy die verskillende verhale lees en bespreek in elke Bybelstudie.

**Hoe gaan jy hierdie Bybelstudie boekie gebruik (merk jou keuse):**

- ☐ Ek gaan die Bybelstudies op my eie doen
- ☐ Ek gaan my familie of die mense in my huis nooi om dit saam met my te doen
- ☐ Ek gaan dit gebruik in mentorskap gesprekke
- ☐ Ek gaan ‘n groepie by die skool vorm om dit saam aan te pak
- ☐ Ek gaan my jeuggroep by die kerk uitdaag om dit te doen
- ☐ Ons gaan dit doen as deel van ons skool of kerk program (daar is ook groot groep sessies beskikbaar vir elke onderwerp)
- ☐ Ons gaan dit gebruik as inhoud vir ‘n re#imagine geleentheid, kamp of jeugweek
- ☐ Ons gaan dit gebruik as temas vir gesprekke by #imagine saam-eet geleenthede

# Bybel Studie 1

**LUKAS 19:1-10**

**Saggeus ontmoet Jesus**

## VERRAS DEUR 'N KORT RYK MAN

### \\ DINK:

542 billion US dollars sal wêreldwyd in 2018 bestee word aan advertensies. Hoe belangrik is besittings vir jou? Hoe vorm sukses, rykdom en bekendheid (of die gebrek daaraan) jou identiteit?

### \\ LUISTER:

Lees Lukas 19:1-10

### \\ DEEL:

- Wat het mense van Saggeus gedink en sê?
- Watter name noem mense jou? Wat dink ander mense van jou?
- Wat is verrassend anders in die verhaal?
- Hoe beïnvloed die verhaal jou lewe?

### \\ LEWE:

- Hoe kan jy iets regstel wat jy verkeerd gedoen het in die verlede? Besluit om iemand te vergewe, iets weg te gee of tyd met iemand te spandeer as 'n teken hiervan.

### \\ BID:

- Skryf neer die verskillende eienskappe wat jou identiteit in Christus beskryf en gesels met Jesus daaroor in gebed: nuut... aanvaar... vergewe...

# Bybel Studie 2

**MARKUS 12:41-44**

**Die arm weduwee se offer**

## VERRAS DEUR 'N ARM WEDUWEE

### \\ DINK:

**Het jy geweet dat ongeveer 30.4 miljoen mense in SA woon in armoede en 7.2 miljoen woon in ekstreme armoede. As jy 'n dak oor jou kop het, lopende water, elektrisiteit, en genoeg kos, is jy een van die 40% rykste mense. (Statistics South Africa Report)**

- Wie is die ryk en die arm mense in jou gemeenskap?
- Op watter verskillende maniere kan jy "arm" wees?

### \\ LUISTER:

Lees Markus 12: 41-44

### \\ SDEEL:

- Wat dink jy is hierdie weduwee se geskiedenis?
- Hoe beleef sy vir God?
- Wat is verrassend anders in die verhaal?
- Hoe beïnvloed die verhaal jou lewe?

### \\ LEWE:

- Hoe kan jy hierdie week iemand help wat fisies arm is? Besluit om jou middagete te deel met iemand terwyl jy met hulle 'n gesprek het of skenk iets uit jou kas.

### \\ BID:

- Bid vir iemand van emosioneel "arm" is.

# Bybel Studie 3

## 1 TIMOTEUS 4:12-16

**Paulus se raad aan Timoteus**

## VERRAS DEUR 'N TIENER SEUN!

### \\ DINK:

**"Leadership is not about a title. It's about impact, influence and inspiration." Robin S. Sharma**

- Wie in jou gemeenskap is in leierskapsposisies?
- Kan jy aan mense dink wat ander mense beïnvloed sonder dat hulle 'n titel of posisie beklee of 'n ouer persoon is?

### \\ LUISTER:

Lees 1 Timoteus 4:12-16

**Het jy geweet dat Timoteus 'n tiener, maar ook 'n leier van 'n kerk was? Paulus is sy mentor (raadgewer) wat hom ondersteun het.**

### \\ DEEL:

- Hoe gebruik God vir Timoteus?
- Wat verras jou in hierdie verhaal?
- Hoe beïnvloed hierdie verhaal jou lewe?

### \\ LEWE:

- Dink aan wat jy gewoonlik in 'n week doen en die mense met wie jy in aanraking kom. Hoe kan jy jou familie, sport span, vriende, kerk groep, bure ens. beïnvloed? Vra ook vir God vir wie jy 'n mentor kan wees.

### \\ BID:

- Bid vir die leerlingraad, onderwysers, predikante en ander leiers in jou gemeenskap.

# Bybel Studie 4

MATTEUS 19:16-26

Jesus en die ryk man

## VERRAS DEUR 'N RYK MAN

### \\ DINK:

**Het jy geweet dat Suid-Afrika bekend staan vir 'n reuse ekonomiese gaping tussen rykes en armes, en dat hierdie gaping een van die grootstes in die wereld is? 10% van die samelewing verdien 55%-60% van die totale inkomste.**

- Wanneer dink jy is iemand uiters ryk?
- Wanneer dink jy is iemand baie belangrik en het groot invloed in jou gemeenskap?

### \\ LUISTER:

Lees Matteus 19:16-26

### \\ DEEL:

- Met watter vooropgestelde idees het hierdie ryk jong man na Jesus gegaan?
- In vers 20 antwoord die jong man: "Al hierdie gebooie het ek nagekom." Dink jy hy het homself spiritueel dieper en beter geag as ander, of dink jy dat hy gedink het hy kan alles self doen om die ewige lewe te ontvang?Do you think he thought of himself spiritually on a higher level than others or do you think he thought he could do everything by himself to receive eternal life?
- Plaas jouself in die skoene van hierdie man. Hoe sal jy voel en reageer as Jesus vir jou sê: "Gaan verkoop al jou besittings en gee aan die armes. Kom dan en volg my."?

### \\ LEWE:

- Aan watter dinge spandeer jy jou tyd en geld? Wat is jou grootste prioriteite? Watter van hierdie prioriteite kan jou keer om jouself ten volle aan Jesus toe te wy?

### \\ BID:

- Vra dat Jesus vir jou sal wys hoe om die dinge in jou lewe te prioritiseer sodat Jesus eerste sal staan.

# Bybel Studie 5

**MATTHEUS 2: 1-12**

**Die wyse manne van die Ooste besoek Jesus**

## VERRAS DEUR 'N ARABIER, 'N INDIËR EN 'N CHINEES!

### \\ DINK:

**Vertel 'n storie uit jou lewe van 'n keer toe jy iets geleer het by iemand van 'n ander geloof.**

### \\ LUISTER:

Lees Mattheus 2: 1-12

**Het jy geweet dat die wyse manne was geleerde, ryk mense uit 'n Oosterse land wat konings gedien het met hul wysheid? Ons weet nie waar hul vandaan gekom het nie, maar dit kon dalk Arabië, Indië of selfs China gewees het!**

### \\ DEEL:

- Waarom dink jy is hierdie verrassende verhaal van Oosterse mense wat 'n ster volg, deel van die Bybel?
- Hoe gebruik God die wyse manne in die verhaal?
- Wat dink jy het met hulle gebeur toe hulle tuisgekom het?
- Hoe beïnvloed hierdie verhaal die manier waarop jy dink oor ander gelowe?

### \\ LEWE:

- Leer ken iemand van 'n ander geloof.  Erken die goeie wat hulle doen en deel jou eie geloof storie met hom/haar.

### \\ BID:

- Prys Jesus en gee hom geskenke van dankbaar.

# Bybel Studie 6

**LUKAS 2:1-7**

**Die Geboorte van Jesus**

## VERRAS DEUR 'N TIENER MEISIE

### \\ DINK:

**Dink aan 'n geleentheid wat baie vir jou beteken het; waar iemand getrou was aan jou. Wat het daardie persoon gedoen om hul getrouheid aan jou te wys?**

### \\ LUISTER:

Lees Lukas 2: 1-7

### \\ DEEL:

- Waarom dink jy het Maria ingestem vir God se plan?
- Hoe was Maria se lewe beïnvloed deur haar gehoorsaamheid aan God?
- Hoe inspireer hierdie storie jou lewe?

### \\ LEWE:

- Dink aan maniere hoe jy jou geloof kan uitleef.
- Vind iemand wie se getrouheid aan God jou aanmoedig om vas te byt.

### \\ BID:

- Bid vir geduld en krag van God om ons te help om vol te hou in ons geloof.

# Bybel Studie 7

**LUKAS 10:25-35**

**Die Barmhartige Samaritaan**

## VERRAS DEUR 'N VREEMDELING

### \\ DINK:

**Meer as 200 000 mense in Suid-Afrika leef op straat. Dink aan mense wat deel vorm van jou daaglikse lewe wat jy nie regtig raaksien nie: die bedelaar op die straathoek, die vrou wat koerantpapiere verkoop, of selfs tieners by die skool.**

- Hoekom sien ons mense wat op straat werk of leef as vreemdelinge?
- Wie sien jy as jou naastes?

### \\ LUISTER:

Lees Lukas 10:25-35

**Het jy geweet dat die Samaritane en Jode vyande was? Hulle het mekaar as vreemdelinge gesien. Hulle het nooit met mekaar gepraat nie, en sou nooit vir mekaar help nie.**

### \\ DEEL:

- Hoekom wil die man weet wie sy naaste is?
- Hoekom is dit wat die Samaritaan doen so verbasend anders?
- Hoe beinvloed hierdie storie jou lewe?

### \\ LEWE:

- Groet die vreemdelinge wie jy hierdie week raakloop, en vra wat hulle name is.

### \\ BID:

- Bid vir mense in nood in jou gemeenskap en vra vir God om jou hul naastete maak.

# Bybel Studie 8

**HANDELINGE 8:26-40**

**Filippus en die Etiopiër**

## VERRAS DEUR 'N BUITELANDER

### \\ DINK:

**Het jul geweet dat 65 miljoen mense in die wêreld verplaas of vlugtelinge is en in ander lande as hul eie land moet woon? (www.unhcr.org)**

- Hoeveel kulture, tale en godsdiens groepe wat in jou gemeenskap woon kan jy opnoem?
- Watter persepsies het mense van ander groepe?

### \\ LUISTER:

Lees Handelinge 8: 26-40

### \\ DEEL:

- Hoeveel feite or die Etiopiër kan jy in die verhaal vind? Jy kan ook die internet gebruik om meer inligting te kry.
- Hoekom dink jy het die Etiopiër uit die Ou Testament gelees?
- Wat is verrassend anders in die verhaal?
- Hoe kan jou jouself vereenselwig met die Etiopiër? En met Filippus?
- How does the story influence your life?

### \\ LEWE:

- Leer ken iemand van 'n ander kultuur, taalgroep of godsdiens. Vra hulle uit oor die betekenis van hul naam, hul familie, en hul drome vir hul toekoms.

### \\ BID:

- Bid vir mense waarteen daar gediskrimineer word in jou gemeenskap. Bid vir geleenthede om Jesus se liefde met hulle te deel.

# Bybel Studie 9

**MARKUS 10:35-45**

**Jakobus en Johannes se versoek aan Jesus**

## VERRAS DEUR TWEE BROERS!

### \\ DINK:

- Kan jy aan mense in jou gemeenskap of skool dink wat hul verhoudings gebruik om meer mag te kry of meer populêr te raak?
- Waar sien jy tekens van korrupsie?
- Is daar mense wat hul mag misbruik vir selfsugtige redes?

### \\ LUISTER:

Lees Markus 10:35-45

### \\ DEEL:

- Hoekom het Jakobus en Johannes hierdie versoek gehad?
- Hoe werk krag, invloed en leierskap verrassend anders vir die volgelinge van Jesus?
- Op watter manier kan jy jou vereenselwig met Jakobus en Johannes? Watter waarde heg jy aan mag, bekendheid en populêr wees?
- Hoe daag die storie jou uit om verrassend anders hieroor te dink?

### \\ LEWE:

- Hoe kan jy lei deur 'n diensbare leier te wees?
- Dink aan praktiese maniere waarop jy kan dien by jou huis en skool.

### \\ BID:

- Bid dat jy 'n nederige en gewillige dienskneg sal wees. Sê vir Jesus dankie dat Hy vir jou 'n voorbeeld gestel het.

# Bybel Studie 10

**JOHANNES 4:1-26, 39-42**

**Jesus en die Samaritaanse vrou**

## VERRAS DEUR 'N RANDFIGUUR

### \\ DINK:

- Wat maak dat iemand in of uit is?
- Wanneer beskou jy iemand as 'n randfiguur?

### \\ LUISTER:

Lees Johannes 4:1-26 en 39-42

**Het jy geweet dat die Jode na die Samaritane verwys het as "honde" of "halwe rasse"? Hierdie twee groepe wou niks met mekaar uit te waai gehad het nie.**

### \\ DEEL:

- Wat dink jy is interessant oor Jesus se houding teenoor en interaksie met die Samaritane vrou met die "slegte reputasie"?
- Probeer die vrou se gedagtes en emosies tydens en na haar ontmoeting met Jesus voor te stel. Hoe sou jy gevoel het?
- Hoe het haar interaksie met Jesus haar lewe omgedraai en uiteindelik haar reputasie verander?

### \\ LEWE:

- Watter reputasie het jy by ander mense om jou?
- Watter dinge in jou lewe dra by tot hierdie reputasie? Is daar dalk iets wat jy moet verander.

### \\ BID:

- Vra vir Jesus om die dinge in jou lewe te verander wat dalk vir jou 'n slegte reputasie gee.

# Bybel Studie 11

**LUKAS 5:1-11**

**Jesus roep die eerste dissipels**

## VERRAS DEUR EENVOUDIGE VISSERMANNE

### \\ DINK:

- Dink aan mense in jou gemeenskap wat geag word as baie belangrik, of as baie onbelangrik.
- Wat is die rede agter hierdie persepsies?

### \\ LUISTER:

Lees Lukas 5:1-11

### \\ DEEL:

**Het jy geweet dat Petrus, Andreas, Jakobus, en Johannes was maar eenvoudige vissermanne? Hulle het waarskynlik geen formele onderrig gehad nie. Wiskunde was nie hul sterkpunt nie!**

- Hoekom dink jy het Jesus vissermanne gekies om sy dissipels te wees?
- Wat is verbasend verrassend van hierdie storie?

### \\ LEWE:

- Dink aan 'n geleentheid waar iemand in jou skool wat geag was as iemand wat nie goed genoeg of belangrik genoeg is nie, 'n verskil gemaak het
- Watter etikette het mense al vir jou gegee? Hoe sien Jesus jou?
- Wat moet verander binne jou sodat jy alle mense sonder etikette kan sien, en as waardige mense ag?

### \\ BID:

- Bid vir 'n verandering in jou gesindheid teenoor sogenaamde "minder belangrike mense". Dank God omdat Hy alle mense gebruik en liefhet!

# Bybel Studie 12

**LUKAS 15:11-32**

**Die verlore seun**

## VERRAS DEUR 'N KUIERLEIER!

### \\ DINK:

**Het jy geweet dat Suid-Afrika die derde grootse nasie van alkohol-misbruik is in Afrika? Alkohol-misbruik kan lei tot seksuele aanrandings en verkragting. Om en by 4 uit 10 tieners tussen graad 9 en 11 het al seks gehad, met 2 van hierdie 4 wat meer as 3 seksuele vennote.**

- Wat beteken dit om 'n kuierleier by jou skool te wees?
- Hoekom dink jy voel mense hulle moet sulke dinge doen om beter te voel?

### \\ LUISTER:

**Lees Lukas 15:11-32**

### \\ DEEL:

- Wat het veroorsaak dat die jongste seun hierdie besluite geneem het?
- Wie is God vir hom?
- Wat is verbasend verrassend in hierdie verhaal?
- In watter maniere identifiseer jy met die ouer seun se keuses?
- Hoe beïnvloed hierdie verhaal die manier hoe jy besluite maak?

### \\ LEWE:

- Ontmoet 'n kuierleier by jou skool, en luister na hul storie.

### \\ BID:

- Bid vir mense wat 'n tweede kans nodig het, wie se keuses hulle na slegte plekke geneem het.

# Bybel Studie 13

**HANDELINGE 16:13-15 & 40**

**Lidia se bekering**

## VERRAS DEUR 'N SAKEVROU

### \\ DINK:

- Wat beteken dit om gasvry te wees? Vertel 'n storie waar iemand wat jy nie goed geken het nie, gasvry teenoor jou opgetree het.
- OF: Deel 'n storie waar jy gasvry teenoor iemand anders opgetree het.

### \\ LUISTER:

Lees Handelinge 16:13-15 en 40
**Het jy geweet dat Lidia 'n suksesvolle sakevrou was? Sy het sterk gestaan in 'n wêreld wat deur mans beheer was.**

### \\ DEEL:

- God het Lidia se hart oopgemaak vir Paulus se boodskap. Wat moet in jou lewe gebeur sodat jy oop kan wees vir God se Woord?
- Hoe dink jy het Lidia se lewe verander toe sy God se boodskap aanvaar het?
- Hoe kan gasvryheid verbasend effektief wees om God se liefde te deel?

### \\ LEWE:

- Aan die begin van hierdie bybelstudie het jy jou storie gedeel oor iemand wat baie gasvry teenoor jou opgetree het en jou gemaklik laat voel het, of jy wat gasvry was.
    - Wat was die rede agter hierdie persoon se optrede teenoor jou?
    - Wat was die rede agter jou optrede teenoor daardie persoon?
- Hoe kan jy gasvry teenoor vreemdelinge optree?
- Besluit om gasvry op te tree teenoor iemand wat nie noodwendig 'n vriend is nie.

### \\ BID:

- Vra vir God om jou te verander in 'n gasvrye persoon. Bid vir Christene om met groter liefde en aanvaarding teenoor ander op te tree.

# WAT IS VOLGENDE? AANVAAR DIE #IMAGINE CHALLENGE...

**Soos wat 'n brander op die strand breek en die skuim orals op die sand rond vloei, so kan die #imagine fees naweek (of "experience) beskryf word as 'n reuse BRANDER wat ons inspireer. Dit wat dan in die jaar na die fees gebeur, wanneer #imagineers terug gaan na hulle dorpe toe, kan beskryf word as die SKUIM van die brander wat oor Suid-Afrika spoel. Die #imagine beweging (movement) kan slegs groei wanneer jy dien, deel en brûe bou in jou plaaslike skool, kerk en gemeenskap.**

- HOE kan jy deel wees van die #imagine beweging (movement)?

**Merk ten minste een manier waarop jy wil DROOM saam met God en ander oor Sy Koninkryk deur:**

- ☐ Bybelstudie te doen
- ☐ vir en saam met ander te bid
- ☐ 'n mentor te wees of een te kry
- ☐ 'n Bybelstudie groep te begin

**Merk ten minste een manier waarop jy wil GLO en jou geloof deel deur:**

- ☐ sosiale media te gebruik
- ☐ kreatief te wees
- ☐ ander aan te moedig om 'n verskil te maak by 'n spesifieke saak
- ☐ jou geloof storie te deel

**Merk ten minste een manier waarop jy wil DOEN en 'n verskil maak deur:**

- ☐ diensbaar te wees by jou plaaslike kerk
- ☐ 'n #imagine saam eet te reël
- ☐ 'n plaaslike uitreik te reël
- ☐ brûe te bou na ander
- ☐ 'n #re-imagine event te reël
- ☐ deel te raak van kinderbediening
- ☐ op 'n uitreik te gaan
- ☐ 'n #imagine partner te raak

EK BELOOF

# #LEES DIE BYBEL

In watter boek in die Bybel is dit?

Is dit in die Ou of Nuwe Testament?

Watter verhale is voor dit?

Skryf jou gunsteling teks / Bybelstorie hier....

Watter verhale is na dit?

Hoekom hou jy van die teks / verhaal?

Watter karakters is in die verhaal?

Wat vertel dit van God?

Wat is die tema?

Is daar ander tekste in die Bybel met dieselfde tema?

Hoe praat die teks met jou?

Is dit 'n opdrag, belofte, waarskuwing of verhaal?

# #BID MET ENCOUNTER STATIONS




**Bou jou eie “Encounter Stations” vir jou kerk of skool**

1. 


Skryf jou naam neer as 'n teken daarvan dat God jou geroep het.

2. 



Was mekaar se hande en bid vir mekaar dat God jul sal gebruik om ander te dien.

3. 



Reflekteer op jou nuwe identiteit in Christus terwyl jy in die spieël kyk en die woorde lees soos nuut, vergewe, aanvaar, geliefd....

4. 


Plant 'n saadjie as 'n simbool daarvan dat jy die Gees vra om jou te help groei in geloof.

5. 


Neem 'n blokkie vir elke familielid of vriend vir wie jy wil bid en voeg dit by die muur van hoop.

6. 


Kniel by die kruis as 'n teken van jou oorgawe aan Jesus.

7. 


Wat is die dinge wat in jou pad staan om Jesus voluit te volg? Skryf dit neer en vee dit dan uit as 'n teken van God se genade en vergifnis.

8. 


Neem standpunt en bid vir Suid Afrika deur een van die sake in gebed na God te neem soos opvoeding, armoede, gesondheidsorg, die omgewing, ens.

# #KRY 'N MENTOR OF WEES 'N MENTOR



**Hoe om 'n mentorskap gesprek in te rig:**




HOE GAAN DIT? WAT WAS JOU HOOGTEPUNT EN LAAGTEPUNT VAN DIE WEEK?




HOE GAAN DIT MET JOU VERHOUDINGS?




VOEL JY TROTS OF SKAAM OOR DIE KEUSES WAT JY DIE AFGELOPE WEEK GEMAAK HET? VERTEL...



WAAR SIEN JY DAT GOD DIE AFGELOPE WEEK IN JOU LEWE OF WÊRELD GEWERK HET DIE AFGELOPE WEEK? HOE VORM DIT JOU?



LEES SAAM 'N TEKS OF DOEN 'N #IMAGINE BYBELSTUDIE EN BEMOEDIG MEKAAR OM TE GROEI.




BID VIR MEKAAR!

*Onthou dat 'n mentor stel 'n voorbeeld, is betroubaar met afsprake, gee werklik om vir mense en moedig die ander persoon aan om te self te groei op sy/haar eie geloof reis. Lees 1 Timoteus 4:12.*

# #BEGIN 'N BYBELSTUDIE GROEP



**Voltooi die uitnodiging en stuur met WhatsApp aan jou vriende**

HI ____________________

JY WORD VRIENDELIK UITGENOOI OM DEEL TE WEES VAN ONS #IMAGINE BYBELSTUDIE GROEP.
DATUM: ________________
TYD: _________________
PLEK:_________________

ONS WIL ONS GELOOFSTORIES DEEL EN MEKAAR ONDERSTEUN. ONS HET 'N #IMAGINE TIENER BYBELSTUDIE BOEKIE WAT VIR ONS BYBELVERHALE GEE OM TE LEES EN VRAE OM TE BESPREEK. ONS GAAN NA MEKAAR LUISTER EN OOK VIR MEKAAR BID.

HOOP OM JOU DAAR TE SIEN!

VAN: _________________________

..............................................

# #CONNECT AANLYN

Like imagine se fb en post jou geloof storie met 'n video
https://www.facebook.com/imaginemove
#imaginegeloofstorie #jesusisliefvirmy

Join jou streek se imagine event page om jou vriende se getuiesse te lees of 'n challenge te post:
www.facebook.com/pg/imaginemove/events/?ref=page_internal

imagine_movesa
Verduidelik in 1 tweet wat jy graag wil onthou van die #imagine experience of die teks wat jou inspireer
#imaginemovement #imagineinspiration

Save die WhatsApp nommer 0799917847 op jou foon en stuur jou naam, graad, skool en provinsie na die nommer sodat jy WA boodskappe van #imagine kan ontvang.

Deel 'n foto van jou of saam met vriende waar julle wys hoe julle 'n verskil maak in julle gemeenskap of kerk of skool. Tag @imagine.movement!
#imaginechallenge #imagineleaders

# #WEES KREATIEF

#DROOMGLODOEN #GLO

**Gebruik die woorde "droom", "glo" en "doen" en skryf jou eie gedig. Jy kan ook dit uitbeeld met verf, inkleurpotlode, 'n foto, musiek of 'n simbool. Onthou om dit met ons aanlyn te deel!**

*Droom*

*Glo*

*Doen*

# #AKTIVEER ANDER

**DINK AAN VERSKILLENDE IDEES DEUR DIE**

**sake** **te verbind aan moontlike** **aksieplanne...**

- Water
- Opvoeding
- Herwinning
- Gesondheidsorg
- Weeskinders
- HIV/Vigs
- Armoede
- Werkloosheid
- Dierebeskerming
- Honger
- Misdaad
- Verslawing
- Rassisme
- Seksisme
- Onderwysers
- Evangelisasie
- Rampe
- Mense handel

- Verf 'n banner
- Praat met 'n leier
- Skryf 'n koerantartikel
- SBegin 'n aanlyn protes
- Organiseer 'n gebed stap
- Begin 'n fondswerwing inisiatief
- Begin 'n gemeenskap projek
- Organiseer 'n opleidings werkswinkel
- Begin 'n ondersteuningsgroep
- Deel stories van hoop aanlyn
- Wees diensbaar by 'n organisasie wat reeds help
- Deel inligting van betroubare bronne
- Maak 'n poster
- Reël 'n bewusmaking week
- Bemoedig iemand wat werk daaraan
- Skenk
- Gee van jou tyd en vaardighede
- Organiseer 'n pret draf

GOOD IDEA

# #DEEL JOU GELOOF STORIE

**Vul jou geloofstorie in:**

Die verhaal van Saggeus in Lukas 19:1-10 gaan oor......

Saggeus is kort en kon nie Jesus sien nie weens die skare. Ek het agtergekom dat daar in my lewe ook sekere struikelblokke / uitdagings is, soos ..................

Ander mense het sleg gedink van Saggeus. Jesus het egter vir Saggeus op die naam geroep en besluit om by hom tuis te gaan! Dit het my herinner hoe Jesus oor my dink, naamlik........

Saggeus se hele lewe het verander want hy het anders gedink oor sy prioriteite. Ek bid dat Jesus my ook sal help om.....

#IMAGINEGELOOFSTORIE #GLO

# #WEES DIENSBAAR BY JOU KERK

EK DRINK KOF E
MET MY PASTOOR /
DOMINEE

EK HELP BY DIE
KINDERBEDIENING

EK WERK SAAM
BY DIE
GEMEENTE PROJEK

EK IS DEEL VAN DIE
SONDAG EREDIENS

EK KUIER BY 'N
BEJAARDE LIDMAAT

**Plak jou foto's hier of post op instagram.**



# #REËL 'N IMAGINE SAAM-EET

#IMAGINEMUNCHMUNCH #DOEN

**Soek die woorde:**

deel
eet
gaste
koeldrank
koppies
kos
lag
onthaal
plek
saamwees
sap
stories
tyd
uitnodigings
verwelkom
vriendskap
water

{Woorde verskuil: → ↓ ↘}

| | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Q | N | G | V | N | D | H | H | Y | M | X | H | H | E | R | N | L | Z |
| T | A | P | A | R | E | P | Q | J | W | C | L | Q | K | X | D | O | V |
| Y | U | L | K | S | I | R | K | C | W | A | T | E | R | P | P | G | E |
| D | X | E | A | V | T | E | I | O | K | O | S | Y | N | Q | L | T | R |
| R | P | E | V | G | U | E | N | R | E | S | W | F | K | K | E | K | W |
| N | X | T | F | V | R | E | U | D | O | L | A | D | Z | D | K | O | E |
| K | S | A | A | M | W | E | E | S | S | L | D | P | N | E | M | P | L |
| S | O | U | H | F | Y | M | D | B | J | K | S | R | T | E | B | P | K |
| Y | P | Q | M | O | N | T | H | A | A | L | A | J | A | L | P | I | O |
| E | H | E | E | E | M | W | H | R | S | E | H | P | Z | N | C | E | M |
| F | K | U | I | T | N | O | D | I | G | I | N | G | S | W | K | S | G |
| Z | K | S | T | O | R | I | E | S | D | E | I | N | V | S | E | I | D |


# #REËL 'N PLAASLIKE UITREIK

**Dink aan verskillende maniere waarop jy 'n verskil kan maak in jou gemeenskap deur die volgende items te gebruik:**



# #BOU 'N BRUG

**Kleur die brûe in wat jy bou**




#IMAGINEBRUGBOUER #DOEN

# #ORGANISEER 'N RE#IMAGINE EVENT

#IMAGINEMOVEMENT #DOEN

* WIE? (Kry 'n groep vriende bymekaar) _______________
* HOEKOM? (Deel idees oor brugbou) _________________
* TOESTEMMING? (Gesels met 'n onderwyser of jou kerkleier) ______________
* GEREGISTREERD? (epos info@imaginemovement.co.za) _______
* SAAM MET? (connect met 'n ander skool / kerk / gemeenskap) ____________
* GEBID DAAROOR? _______________
* TIPE BYEENKOMS (b.v. 'n praise en worship aand, 'n jeugweek, 'n kamp, of 4 saameet geleenthede) ___________
* BEGROTING? _________________ KAARTJIE VERKOPE? _________________
* INHOUD? (encounter stations, #imagine musiek, speletjies en video's, die 2018 experience inhoud of hierdie boekie kan gebruik word) ___________
* PROGRAM? __________________
* DATUM? __________ TYD? ___________ PLEK? _____________
* LOGISTIEK? (Organiseer die kos / band / spreker ens.) _____________
* BEMARKING? _______________ MENSE GENOOI? ________________
* FOTO"S EN VIDEO'S GENEEM? _________
* PRET GEHAD? _________
* TERUGVOER GEGEE? __________
* STORIES EN FOTO'S AANLYN GEDEEL? __________

re#imagine

# #WORD DEEL VAN #IMAGINE KIDZ

**Skep 'n akroniem met die letters K I D Z met woorde wat jou inspirer om 'n goeie leier vir kinders te wees:**

K

I

D

Z

#IMAGINEKIDZ #DOEN

Besluit om 'n #imaginekidz 3 dag geleentheid vir laerskoolkinders in 'n skoolvakansie aan te bied of om 'n groepleier te wees, deur 'n epos te stuur aan **info@imaginekidz.com**. Vir meer inligting besoek **www.imaginekidz.com.**

#IMAGINECHALLENGE #DOEN

# #GAAN OP 'N #IMAGINE MISSION EXPOSURE TRIP

## WAARSKUWING


ALLE GROEI VIND PLAAS
BUITEKANT JOU GEMAKSONE

JY HET DIE GELEENTHEID OM JOU TONE TE BEGRAWE IN DIE KALAHARI SAND VAN BOTSWANA; AFRIKA STOF IN TE ASEM, EN JOU VEL BLOOT TE STEL AAN BLOEDIGWARM TEMPRATURE IN DIE DAG EN VRIESENDE KOUE TEMPERATURE IN DIE NAG, TERWYL JOU WERELDPERSPEKTIEF VERBREED GEDURENDE INTERAKSIE MET DIE MENSE VAN BOTSWANA

## OP HIERDIE 9 DAG MISSION EXPOSURE TRIP SAL JY:



Meer leer oor God se Missie en hoe jy deel kan vorm daarvan



Blootgestel word aan verskillende kulture en maniere om te dien



Jou passie gebruik om die gemeenksappe van Gaborone en Maboane te bedien.



Luister na stories vanuit die sendingveld



Bly in klein dorpies wat nog nie eers gemerk is op Google Maps




Deelneem aan 'n 9 dag 24 uur Gebed

Register by www.MovingIntoAction.co.za

#imagine
MISSION EXPOSURE TRIPS

# #WORD 'N PARTNER

#IMAGINEPARTNER #DOEN

**R1000**

Help #imagine om awesome experiences aan te bied

**R100**

Nuwe musiek en videos vir #imagine

**R500**

Help om 'n BUS te reël om 60 #imagineers te vervoer

**R50**

Borg EEN #imagineer

**R400**

Dra by om #imagine te laat groei as 'n NASIONALE beweging

**R30**

Help #imagine om MISSION EXPOSURES aan te bied

**R300**

'n Nuwe DORP kan verteenwoordigers stuur na #imagine

**R20**

Dra by tot #imagine se sosiale media kommunikasie

**R200**

Help borg 'n GROEP om na 'n #experience te kom

**R10**

Borg 10 tieners Bybel studie boekies

Snap here to pay

SnapScan

**Stuur 'n epos aan partners@imaginemovement.co.za om maandeliks by te dra en 'n nuusbrief te ontvang.**